## OU KERKGEBOUE IN NATAL

Die Natalse tak van die *Historiese Genootskap* probeer om gegewens oor interessante ou geboue in te win, in die eerste plaas van geboue wat in verband met kerklike genootskappe staan. Vroeër is reeds iets meegedeel oor Daniël Lindley se pastorie in die Inanda-reservaat (*Historia IX*, 250), en 'n stuk oor die oudste gebou in Hermannsburg naby Greytown (Natal) het ook al onder die oë gekom. In hierdie bydrae, oorspronklik in Duits geskryf deur pastor H. Pohle en in Afrikaanse vertaal deur mnr. Isak Adendorff en verwerk deur ondergetekende, kom vir 'n kort bespreking die Evangeliese Lutherse kerkgebou op Bishopstowe naby Pietermaritzburg aan die beurt.

Die grond wat vroeër aan biskop Colenso behoort het (vandaar die plaasnaam Bishopstowe), is aangekoop en 32 acres daarvan opsy gesit as „Gemeentegrond". Die gedagte om 'n gemeente vir die Evangeliese Lutherse Kerk te stig, het ontstaan by die heer F. Schrönn. Op 14 Maart 1912 kom die volgende aan huis van H. D. Dinkelmann byeen onder voorsitterskap van sendingdirekteur E. Harms: L. Koch, F. Schrönn, H. Meyer, H. Vorwerk, Fr. Dittrich, W. Koch, G. Bure, C. Zimmermann, R. Oellermann, O. Oellermann, W. Nuss, F. Thöle, W. Vorwerk, K. Thöle. Hulle het beraadslaag oor die moontlikheid om 'n gemeente te stig in aansluiting by die Hermannsburgse Sending en Sinode. Van hierdie persone lewe nog G. Bure, K. Thöle en C. Zimmermann, en die beide eersgenoemdes is nog steeds gemeentelede.

Die voorstel tot stigting is aanvaar en L. Koch, F. Schrönn en H. Meyer is tot kerkraadslede gekies. Kerkdienste is vereers elke drie maande, later elke twee maande gehou deur predikante van naburige gemeentes wat ingewillig het om vir die doel oor te kom. Direkteur E. Harms was die eerste aan die beurt, gevolg deur pastore Fitschen, Drögelmöller, Rohwer, Bodenstein en Deppe.

Op 9 Mei 1913 word besluit om 'n kapel te bou, 21 voet by 33 voet; dadelik is aan die werk gespring en op 10 Julie 1914 kon die inwyding plaasvind van die geboutjie wat die gemeente onveranderd as plek van aanbidding gedien het tot 1950.

Kort na die inwyding breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Soos ons uit die geskiedenis weet, is Duitse eiendom in Pietermaritzburg verwoes, en die gevaar het bestaan dat ook die plase van Duitsers in die buurt van Bishopstowe verniel sou word, maar hiervan het niks gekom nie.

In 1917 is 'n skooltjie gebou, in 1921 ook 'n pastorie wat in 1922 voltooi is om bewoon te word deur pastor T. Rohwer, vroeër 'n sendeling in Indië. Die inseëning is waargeneem deur praeses Schulenburg. Hierdie heuglike gebeurtenis het plaasgevind tien jaar na die stigting van die gemeente (1912), hierbo vermeld.

Pastor Rohwer het hier een jaar en agt maande in die bediening gestaan en is opgevolg deur F. Warber wat ook vroeër as sendeling in Indië gearbei het en op 21 Mei 1924 met vrou en vyf kinders hier geland

het en op Pinkstersondag ingeseën is. Die Pastorie was nou te klein vir vyf kinders, veral omdat daar ook 'n onderwyseres ingewoon het — die twee kamers aan die agterkant was nog nie aangebou gewees nie.

Van 1925 af bestaan daar 'n blaasorkes wat baie bekend geword het. In 1926 het die gemeente die eerste keer 'n sendingfees kon vier.

Op 1 Oktober 1937 het pastor Warber met pensioen afgetree. Tot sy opvolger is benoem pastor H. Hahne. Onder hom het die gemeente selfstandig geword en kon sy plek as sodanig in die Sinode inneem; tot hiertoe was dit afhanklik van die Sendinggenootskap wat ewenwel nog voortgegaan het om sedert selfstandigwording die grootste deel van die leraar se salaris te betaal. Pastor Warber het intussen besluit om met sendingwerk onder die Indiërs voort te gaan.



*Die altaar, kansel en orreltjie in die Vergrote Kerk van die Lutherse Gemeente van Bishopstowe (1950).*

Pastor Hahne (hy is deur praeses Schulenburg op 24 Oktober 1937 ingeseën) het behalwe sy pligte as leraar van Bishopstowe ook die sorg vir die gemeente Durban op hom geneem. Daar het hy op die eerste en derde Sondag van elke maand kerkdienste waargeneem sowel as op Goeie Vrydagaand en op die drie eerste gewone kerklike feesdae. Daarbenewens het hy telkens 'n paar dae in Durban oorgebly om die krankes te besoek en te onderrig.

Twee jaar lank kon hy hom rustig aan hierdie take wy toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek en pastor Hahne op 6 Junie 1940 geïnterneer is. Op 13 November is hy uitgelaat en is toegelaat om eers slegs die gemeente Bishopstowe te bedien en van Februarie 1941 af ook eenmaal per maand weer Durban te besoek. Die gemeente is veel dank verskuldig aan pastor Backeberg van Wartburg en die sendelinge W. Kaiser en F. Scriba wat hulle gedurende die interneringstyd van hulle leraar uitgehelp het.

Van 1943 is 'n vervoerdiens in die gemeente ingestel, wat daaruit bestaan dat kerkraadslede met hulle motors elke tweede en vierde Sondag



*Die Vergrote Lutherse Kerk te Bishopstowe van Buite (1950).*

van die maand lidmate in Pietermaritzburg gaan haal en na die diens bring, en hulle daarna weer terugneem. Die rede vir die vervoerdiens spruit voort uit die omstandigheid dat baie lidmate van die Sinodale gemeentes van Hermannsburg toe in Pietermaritzburg gestudeer het, en hulle kon op geen ander manier in die kerkdienste kom nie. Die gemeente was ywerig in naastediens en gedurende maar veral na afloop van die Oorlog, het hulle gehelp om pakkies voedsel en ander benodigdhede na Duitsland te stuur.

Op 3 Julie 1946 het pastor Bodenstein wat vele jare lank die Sinode gelei het, verongeluk en pastor Hahne wat 'n rukkie vantevore tot Onder-praeses gekies is, moes toe pastor Bodenstein se plek inneem en na Empangweni vertrek. Teen hierdie tyd het pastor Pohle uit Duitsland geen hoeksteen gelê nie, omdat gemeen is om die geboutjie later as 'n

teruggekeer waar hy saam met sy vrou en seun as gevolg van die Oorlog agtergebly het. Hy was van 1912 tot 1922 in Hermannsburg, Natal, gewees, daarna as sendeling tot 1939 in Elim by Paddock, van 1939 tot 1946 in Duitsland vasgehou deur die Oorlog. Terug in Suid-Afrika neem hy op 12 November 1946 sy intrek in die leegstaande skoolgebou, en op 12 Januarie 1947 is hy deur praeses Hahne in sy amp as leraar bevestig.



*Die Vergrote Lutherse Kerk te Bishopstowe met Kloktoring en Sydeur (1962).*

In vroeëre jare het daar 'n klein staatsondersteunde skooltjie bestaan en die onderwyseres het in die pastorie ingewoon. Die getal kinders op die rol het egter gedurig bly krimp omdat hulle na Hermannsburg, Wartburg en New Hanover gestuur is, en die skooltjie is gesluit. Van 1949 af het pastor Pohle nog tweemaal per week die kinders wat nog daar was in Pietermaritzburg onderrig gegee.

Van 30 Augustus 1948 af bestaan daar telefoniese verbinding met die stad.

Die lidmate het meer geword en die kerkgebou moes vergroot word, waarmee op 30 Januarie 1950 begin is. 'n Altaarruimte is gebou, asook 'n konsistorie en 'n sydeur. In 1914 is daar by die oprigting van die kerk

skoollokaal te gebruik en dan 'n nuwe kerk bo-op die berg by die kerkhof te bou. Maar die dienste word nog steeds in die ou kerkie gehou wat te klein geword het, en nou met sy vergroting word besluit om 'n hoeksteen te lê. Dit is gedoen op 11 Maart 1950. Die nuwe altaar is volgens die sketsplan van dr. Deppe plaaslik gebou. Dr. Deppe wat 'n toesighoudende medikus in die Sielsiekegestig van Fort Napier in die hoofstad was, het self baie middae na sy dienstyd na Bishopstowe oorgekom om die kansel te herbou. Die groot dag het op 11 Junie 1950 aangebreek toe die vergrote kerk se inwyding deur praeses Hahne waargeneem is.

In Maart 1955 het die kerk en die pastorie elektriese lig gekry.

Op 27 Mei 1956 is 'n groot klok (wat toe 101 jaar oud was) ingewy en op 'n houtstellasie langs die kerk gemonteer, maar die hout was nie lank teen die rysmiere bestand nie en 'n kloktoring moes gebou word. Terselfdertyd is ook 'n galery vir die orrel en die koor en blaasorkes ingebou. Op 11 Februarie 1962 het praeses Hahne die inwyding waargeneem van die toring en die galery in die kerkie waar hy self lank as leraar gestaan het.

'n Bietjie meer as 'n maand later, naamlik op 18 Maart 1962, het die gemeente sy vyftigjare bestaan gevier. Pastor Pohle het nog tot aan die einde van die jaar in die bediening gestaan, maar met die bevestiging van sy opvolger, pastor Otto Junge, op 1 Janurie 1963 het hy sy emiritaat aanvaar en woon tans in Pietermaritzburg, maar sedert die verplasing van pastor Junge na Durban neem pastor Pohle nog soms dienste waar in sy ou gemeente.

Prof. G. S. Nienaber.